XHARIEPDISTRIK
AFRIKAANS HUISTAAL
GRAAD 12
VRAESTEL 2

TYD: 2½ UUR **TOTAAL: 80**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies/opdragte noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   Afdeling A: Poësie (30)
   Afdeling B: Prosa (25)
   Afdeling C: Drama (25)

3. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE uit AFDELING A, EEN uit AFDELING B en EEN uit AFDELING C. Gebruik die kontrolelys om jou met jou keuses te help.

4. Voer die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig uit.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Beantwoord ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

7. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: ongeveer 40 minute
   AFDELING B: ongeveer 55 minute
   AFDELING C: ongeveer 55 minute

8. Skryf netjies en leesbaar.

Blaai om asseblief

INHOUDSOPGAWE

Hierdie bladsy sal jou help met die keuse van die vrae.

AFDELING A: GEDIGTE			
Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae			
VRAAGNOMMER	**VRAAG**	**PUNTE**	**BLADSY**
1. Nuus uit die binneland	Opstelvraag	10 punte	3
	OF		
2. Busrit in die aand	Kontekstuele vraag	10 punte	4
	OF		
3. Een sprong vir …	Kontekstuele vraag	10 punte	5
	OF		
4. Die huis luister	Kontekstuele vraag	10 punte	6
	EN		
ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND): Beantwoord ENIGE EEN vraag.			
5. Talle tonge	Opstelvraag	10 punte	7
	OF		
6. Talle tonge	Kontekstuele vraag	10 punte	8
AFDELING B: ROMAN			
Beantwoord EEN vraag.*			
7. Die kwart-voor-sewe-lelie	Opstelvraag	25 punte	9
	OF		
8. Die kwart-voor-sewe-lelie	Kontekstuele vraag	25 punte	9
AFDELING C: DRAMA			
Beantwoord EEN vraag.*			
9. Mis	Opstelvraag	25 punte	11
	OF		
10. Mis	Kontekstuele vraag	25 punte	11

*LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en AFDELING C.

Indien jy dus die opstelvraag (Vraag 7) uit Afdeling B beantwoord, MOET jy die kontekstuele vraag (Vraag 10) uit Afdeling C beantwoord. Indien jy die kontekstuele vraag (Vraag 8) uit Afdeling B beantwoord, MOET jy die opstelvraag (Vraag 9) uit Afdeling C beantwoord.

KONTROLELYS

Gebruik die onderstaande kontrolelys om te kontroleer of jy al die nodige vrae beantwoord het.

Afdeling	**Vraagnr.**	**Getal vrae beantwoord**	**Merk (✓)**
A: Gedigte (Voorgeskrewe)	1 – 4	2	
B: Gedigte (Ongesien)	5 – 6	1	
C: Roman	7 – 8	1	
D: Drama	9 - 10	1	
***LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en AFDELING C.**			

Blaai om asseblief

AFDELING A: GEDIGTE

VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae uit vrae 1 tot 4.

VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord daarna die opstelvrae:

Nuus uit die binneland – Peter Blum
Vir Dirk Opperman

Soms in die winter as die reën sag stuif
op grasperke, dig en diep soos ‘n tapyt -
as hy die rotsige bergreeks wegskuif
agter ‘n misgordyn – as voor die ruit
popliere, eike en kastaiingbome
saamvloei, en ons versink in blaargroen drome
terwyl ons oor ‘n ou beskawing lees -
dan gryp die onwerklikheid ons met die loop
van waters wat kalmeer, en in die gees
vou grys en sat die graafskap Surrey oop.

Soms in ‘n najaarsdag se skemerty
stap ons in ‘n stil straatjie en gewaar
deur ‘n ou bolig, kunstig uitgesny
in vlegtende patrone van druif en blaar
die lig van verre dae: Ons word gesluk
soos deur ‘n mond; die luiterse getik
van ‘n ou horlosie vervang ons ontstoke
harte se ritme in die kamerhoek,
en ons gestaltes kwyn tot stywe spoke
in die vernislaag van ‘n Delftse doek.

Maar as die bergwind so rukkerig waai
en tussen ons rondkrap soos ‘n stok
in ‘n miershoop – in die palms blaai
nes ‘n barbaar in ‘n keurige boek –
dan is ons rillend buite alle mure
wat ons opstapel in redelike ure
met doel en plan –
ruik ons droogte en brand, en gerug
van sprinkaan, aardbewing en oproer
op daardie skroeiende binnelandse lug
- dan, dan
weet ons op watter vasteland ons boer.

Uit: *Steenbok tot Poolsee*, 1995

Blaai om asseblief

Bespreek die kontraste in hierdie gedig deur spesifiek na die volgende te verwys:

- die kontrasterende wêrelde/beskawings wat hier ter sprake is (3 feite)
- die kontras in beeldspraak wat gebruik is (4 feite)
- die kontras in die stemming wat in strofes 1 en 3 voorkom (3 feite) **[10]**

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg:

Busrit in die aand – Elisabeth Eybers

Elk langs sy yl weerkaatsing in die ruit
sit hulle suf, met monde moeg gesluit,
die werkers van die stad wat huis toe gaan.

Skaduwee-skimme gly verby … Dis laat
en lang ligvaandels wapper oor die straat
soos oor ‘n dam die blinkpad na die maan.

Ons ploeg deur stormsee met ons kaperskuit:
die stuurman aan die wiel, die passasiers die buit
wat ons as slawe huis toe bring vanaand …

Die vaartuig waggel afdraand, om die draai,
met skril gekners en skommelende swaai,
en hyg en skok en snork en swoeg opdraand

terwyl ons, soos twee kinders opgetoë,
mekaar toelag met glinsterende oë …
Asof hul jammerlik hul lot kan raai

sit hulle suf, met monde moeg gesluit,
elk langs sy yl weerkaatsing in die ruit,
die werkers van die stad wat huis toe gaan.

Uit: *Die stil avontuur*, 1939

2.1 Watter woord in reël 1 suggereer ‘n somber stadsbeeld? (1)

2.2 Wat is die funksie van die alliterasie in reël 2? (1)

2.3 Sou jy die gebruik van die woord “slawe” in reël 9 as gepas beskou? Verduidelik jou antwoord. (2)

2.4 Noem TWEE verstegniese middele wat gebruik word om die bus as ‘n kaperskuit voor te stel. (2)

2.5 Wie is die “ons” na wie in reël 13 verwys word? (1)

2.6 Watter woord in strofe 5 kontrasteer met “opgetoë” (reël 13)? (1)

2.7 Stem jy noodwendig saam met die spreker dat 'n stadsmens se lewenskwaliteit saai, kleurloos en sonder hoop is? Motiveer jou antwoord. (2)

[10]

VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg:

Een sprong vir … - Joan Hambidge

Jy wil weet
waarom herstel ek nie -
want jy het my die maan,
sterre en uitspansel beloof.

Jy stuur my na die maan
en a la Neil Armstrong beweeg
ek in die lugdrukvrye atmosfeer,
karteer die kraters, die stil verwoesting
wat jy saai, plant 'n vlaggie van rekapitulasie
(dis verby, dis verby, dis …) op die klein silw'rige planeet.

Danksy die verbinding tussen my en die lugskip van glas
genaamd poësie, keer ek weer terug na die aarde,
wys my foto's vir diegene wat wil sien,
neem stukkies maankors saam
en weet ná maande
die maan is hiér.

Jy wil weet
waarom vergeet ek nie -
omdat ek weet die maan
is beslis nie van kaas.

Uit: *Kriptonemie*, 1989

3.1 Na watter historiese gebeurtenis verwys die titel van die gedig? (1)

3.2 Wie is die "jy" na wie telkens in die gedig verwys word? (1)

3.3 Wat beteken die (effens gewysigde) spreekwoord wat in reëls 3 en 4 voorkom? (1)

3.4 Watter emosie word deur die alliterasie in "karteer die kraters" (r. 8) weergegee? (1)

3.5 Wat is die funksie van die ellips in reël 10? (1)

3.6 Watter vorm van beeldspraak kom in reël 11 voor? (1)

3.7 Die "stukkies maankors" (reël 14) dui op die spreker se herinneringe. Watter kontrasterende herinneringe is hier ter sprake? (2)

3.8 Onder watter omstandighede sal jy jou met óf die verteller óf die aangesprokene kan identifiseer? (2)

[10]

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg:

Die huis luister – Daniel Hugo

my kamers is hol soos 'n binne-oor
ek hoor hoe die bewoners roesemoes
liefde maak, verwyt, mekaar vertroos, skoor
soek met die goor hede, nooit tevrede
aanhou kibbel oor kon en sou en moes

luister, ek bewaar julle verlede
my fondamente kraak onder die las
my plafonne raak voos van die eggo's
te veel vloeke laat my pleisterwerk bars
jare se trane laat my rame roes

so word ons saam verweer deur dit wat was
my dakplate en julle gebede
fluister en knal al hoe harder om hulp
ongehoord in elke nag se oorskulp

Uit: *Dooiemansdeur*, 1991

4.1 Watter vorm van beeldspraak kom in die titel voor? (1)

4.2 Wie is die spreker in die gedig? (1)

4.3 Watter twee woorde in strofes 1 en 2 staan in direkte kontras met mekaar? (2)

4.4 Wat is die funksie van die a-assonansie in strofe 2? (1)

4.5 Waarop dui "dit wat was" in reël 11? (1)

4.6 By watter woord in strofe 2 sluit "oorskulp" (reël 14) aan? (1)

4.7 Watter ooreenkoms is daar tussen "dakplate" en "gebede" in strofe 3? (1)

4.8 **Die gedig eindig op 'n positiewe noot.** Stem jy saam met hierdie stelling? Verduidelik jou JA of NEE. (2)

[10]

Blaai om asseblief

ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)

Beantwoord VRAAG 5 of VRAAG 6.

VRAAG 5: OPSTELVRAAG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord daarna die opstelvraag:

Talle tonge – Mathews Phosa

Talle tonge het ek
een tong op ‘n gegewe oomblik

‘n heuningtong
‘n bitter tong
‘n tong stomp
genoeg om te swyg

my skerp tong klap
klap soos ‘n sweep
en keep diep en laat bloei

my suur tong brand
brand soos asyn
en laat krimp inmekaar en skend

Talle tonge het ek
een tong op ‘n gegewe oomblik
‘n tong om te sny
‘n tong om te salf
Ek het talle tonge

Uit: *Deur die oog van ‘n naald*, 1996

Die spreker in die gedig verskaf verskillende eienskappe, positief sowel as negatief, van die mens se tong.

Bespreek hierdie stelling in ‘n opstel van ongeveer 150 woorde en skenk spesifiek aandag aan die volgende:

- bespreek die positiewe eienskappe van die tong wat genoem word (2 feite).
- bespreek die negatiewe aksies wat iemand met sy tong kan uitoefen (3 feite).
- bespreek waarom die spreker volgens die gedig se inhoud meer op die negatiewe invloede van die tong as op die positiewe konsentreer (2 feite). **[10]**

OF

Blaai om asseblief

VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg:

Talle tonge – Mathews Phosa

Talle tonge het ek
een tong op ‘n gegewe oomblik

‘n heuningtong
‘n bitter tong
‘n tong stomp
genoeg om te swyg

my skerp tong klap
klap soos ‘n sweep
en keep diep en laat bloei

my suur tong brand
brand soos asyn
en laat krimp inmekaar en skend

Talle tonge het ek
een tong op ‘n gegewe oomblik
‘n tong om te sny
‘n tong om te salf
Ek het talle tonge

Uit: *Deur die oog van ‘n naald*, 1996

6.1 Verduidelik die paradoks (skynbare teenstrydigheid) in die titel. (2)

6.2 Wat is die funksie van die inversie (omgekeerde woordorde) in reël 1? (1)

6.3 Watter TWEE woorde in strofe 1 staan in kontras met mekaar? (2)

6.4 Verduidelik die betekenis van reëls 5 en 6. (1)

6.5 Wat is die funksie van die herhaling in reëls 10 en 11? (1)

6.6 Verduidelik die betekenis van “’n tong om te salf” (reël 16). (1)

6.7 **Hierdie gedig is in vrye versvorm geskryf.** Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer jou JA of NEE. (2)

[11]

Blaai om asseblief

AFDELING B: ROMAN
Beantwoord EEN vraag.
VRAAG 7: OPSTELVRAAG

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Bespreek, in 'n opstel van ongeveer 400 woorde, hoe die volgende karakters as nie-stereotiep uitgebeeld word:

- Iris (5 feite)
- Ma (5 feite)
- Johanna (5 feite) **[25]**

OF

VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Lees die onderstaande uittreksels aandagtig deur en beantwoord die vrae:

TEKS 1

1	Hy het hard met sy tong geklik en 'n krummel teen sy baadjielapel gespoeg.
2	"Jy soek moeilikheid en jy gaan dit kry."
3	"Wat is jou naam?" het ek gevra omdat ek gevoel het 'n mens kan nie jou
4	lewensfilosofie sit en verduidelik aan iemand wie se naam jy nie eens ken nie.
5	"Billy. Joune?"
6	"Iris."
7	Hy het breed geglimlag en ek moes toegee, hy het baie goeie tande gehad. "My
8	suster is ook Iris."
9	"Daar het jy dit dan," het ek voldaan gesê. "En waar is jou taxi?"
10	Hy het sy hand gewaai in die rigting van 'n ry geel geparkeerde taxi's. "Dis
11	etensuur."
12	"Is dit al so laat?" Ek het na my horlosie geloer. "Sowaar. Jy sien, my ouma
13	het haar eie spesiale Engel gehad en ek het die gevoel die man is nou by my.
14	Saamgevlieg, blykbaar."
15	Billy het sy oë gerol. "Uh-huh."
16	"Dis dié dat ek seker nie so versigtig is soos ek behoort te wees nie. Ek reken
17	die Engel sal my pootjie of so iets as ek te ver gaan."
18	Hy het sy kop geskud en die plastiekbekertjie tussen sy groot hande
19	verfrommel.
20	"Mense luister nooit regtig na my nie. Veral nie my familie nie."
21	"Is dit so?"
22	"En dan is daar my naam. Iris. In die mitologie het dit verskillende
23	betekenisse gehad."

8.1 Noem TWEE redes waarom Billy sê DAT Iris moeilikheid soek. (2)

8.2 Wie is Billy? (1)

8.3 "En dan is daar my naam. Iris." Noem twee **mitologiese** betekenisse van Iris se naam. (2)

Blaai om asseblief

8.4 Op watter wyse het die Engel Iris se verwagtinge in reëls 16 en 17 later in New York bewaarheid? (2)

8.5 Het Iris rede om te sê: "Mense luister nooit regtig na my nie"? Verskaf redes vir jou antwoord. (2)

8.6 Watter uitspraak van Billy oor Iris se naam later tydens die gesprek toon 'n ooreenkoms met 'n soortgelyke uitspraak van die Engel? (1)

8.7 Iris se naïwiteit blyk duidelik uit hierdie teksgedeelte. Noem twee voorbeelde daarvan. (2)

EN

TEKS 2

Jonsie het ingekom, 'n frangipanibloeisel agter elk van ons ore ingedruk en hom op die rusbank neergevly. "'n Merel is 'n voël," het hy my meegedeel. "Amper soos 'n spreeu."
"'n Iris is 'n blom," het ek gesê.
"Flappen," het Merel bygevoeg. "Flappen noemen wij dat."
"Blackbird," het Jonsie voortgegaan. "Swart met 'n geel bek. 'n Huishoudelike soort voël. Hou van mense, maak nes in geute, stoepbalke, onder afdakke of sommer op die grond."
"Het jy en jou broer 'n gesamentlike studie gemaak van name en hulle betekenisse?" het ek gevra.
Hy het gegrinnik en meteens nes sy broer gelyk. "Nee, dis net 'n stokperdjie."
"En jou naam dan?"
"Kom van Johan, wat Jon geword het. Ma is Johanna, wat Anna en toe Ans geword het."
"Ons het ook 'n Johanna," het ek vertel.
"Een van jou susters?"
"Amper."
Hy het 'n hand vol grondboontjies geskep, teruggelê teen die bank en hulle een vir een in sy mond gegooi. "Pa sê jy kan goël," het hy tussen twee monde vol gesê.
"Ek weet nie waar kom hy daaraan nie."
"Goël?" het Merel gevra. Sy het agter die rusbank op haar knieë gehurk en die grondboontjies opgetel wat Jonsie mis gegooi het.

8.8 Waarom sê Jonsie uit die bloute dat 'n merel 'n voël is? (1)

8.9 Watter ooreenkomste sou daar tussen Merel en 'n spreeu kon wees? (2)

8.10 Wie is die Johanna na wie Iris verwys? (1)

8.11 Verklaar hoe Johanna "amper" een van Iris se susters kan wees. (2)

8.12 Johanna is meer as 'n suster vir Iris. Verduidelik hierdie stelling. (2)

8.13 Is dit korrek as Jonsie se pa sê dat Iris kan goël? Motiveer jou JA of NEE. (2)

Blaai om asseblief

8.14 Watter optrede van Merel bevestig Jonsie se opmerking dat ‘n merel “‘n huishoudelike soort voël” is? (1)

8.15 Hoe voel Merel oor die feit dat Iris die modelkontrak van die hand gewys het? (2)

[25]

VRAAG 9: OPSTELVRAAG

***MIS* – Reza de Wet**

Die karakters in *Mis* wat ons op die verhoog leer ken, word hoofsaaklik deur dialoog, innerlike en uiterlike handeling gekarakteriseer.

Skryf ‘n opstel van ongeveer 400 woorde waarin jy die volgende karakters bespreek:

- Miem (7 feite)
- Meisie (4 feite)
- Konstabel Van der Riet (4 feite) **[25]**

OF

VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG
***MIS* – Reza de Wet**
Lees die onderstaande uittreksels aandagtig deur en beantwoord dan die vrae

TEKS 1

MEISIE: Vanaand ruik dit nie so sterk nie want dis koud en alles is toe. Maar in die somer is dit baie erg. Die stank … en die vieslike vlieë. Swerms vlieë. En brommers. Groot, blink brommers. *(Stilte)* Ek … ek het roosbome voor my venster geplant. *(Stilte)* En dis hoekom … niemand wil kom kuier nie. Dit ruik so aaklig. En wie sou nou wou tee drink? Die vlieë het mis …
KONSTABEL: *(gretig)* Ja? En toe?
MEISIE: Toe … *(treurig)* draai die wind.
Stilte. MEISIE werk weer aan haar sak.
KONSTABEL: Maar kom u dan nie uit nie, Juffrou? Die dorp is tog nie ver nie?
MEISIE: My ma het my hier nodig. My ma het net vir my.
KONSTABEL: En is hier baie om te doen?
MEISIE: Ja. Ek kry my werk nooit klaar nie. Elke dag …
Stilte.
MEISIE: Eers was ons baie ryk. ‘n Hoed en ‘n rok vir elke dag. En nou … Ma sê die mense bejammer ons. *(Byna verdedigend)* Elke jaar koop my ma vir my ‘n nuwe rok. *(Treurig)* Maar net een op ‘n slag. *(Sag en droewig)* Dit word gou dun … en uitgewas. *(Sag)* Ek skaam my.
KONSTABEL: *(met innige meegevoel)* Ek is jammer, Juffrou.

****

KONSTABEL: Waar is u nou, Juffrou?
MEISIE: *(besig om te loer. Opgewonde)* Hier, by die venster. Ek kyk na die groot tent en al die liggies.
KONSTABEL: Die sirkus.
MEISIE: Ja. *(Draai na die KONSTABEL. Skielik vreesbevange)* Moet tog nie vir my ma sê nie, asseblief.

10.1 Op watter TWEE maniere word die titel van die drama in hierdie uittreksel betrek? (2)

10.2 Verduidelik hoe Meisie as 'n sprokieskarakter in hierdie teks uitgebeeld word. (2)

10.3 Wat suggereer reël 10 oor die verhouding tussen Miem en Meisie. (1)

10.4 "Eers was ons baie ryk." (Reël 14) Wat het tot Miem-hulle se veranderde omstandighede gelei? (1)

10.5 Watter invloed het hierdie veranderde omstandighede op Gabriël gehad? (2)

10.6 Is die volgende stelling waar of onwaar? Motiveer jou antwoord met bewyse uit die teks. **Die konstabel gee aan Meisie 'n gevoel van menswaardigheid.** (3)

10.7 Verduidelik kortliks die kontras en funksie van die neweteks in Meisie se laaste twee spreekbeurte. (3)

EN

TEKS 2

MIEM: *(trots)* Sy is mooi, nè?
KONSTABEL: Ja, Mevrou.
Meisie staan op en beweeg stadig terug na haar stoel. Daar is 'n kort stilte. MEISIE werk aan haar sak. MIEM en GERTIE kyk na die KONSTABEL. Die KONSTABEL kyk voor hom uit. Die valdeur klap hard oop. MEISIE staan op. 'n Slopemmer sak stadig na onder.
MEISIE: Kyk, Ma! Hier kom dit!
MIEM: *(hard. Kyk op)* Wees versigtig! Dis al meer as twee dae!
MEISIE, MIEM en GERTIE hou die emmer dop. Dit sak baie stadig af tot op die vloer. Die emmer is vol slymerige bruin water. Aan die uitdrukking op almal se gesigte kan 'n mens aflei dat die inhoud baie sleg ruik. MEISIE gaan nader en met haar kop half weggedraai, begin sy die tou losmaak. GERTIE druk 'n sakdoek voor haar neus. MEISIE kry die knoop los. Die tou word vinnig opgetrek en die valdeur klap hard toe.
MIEM: Gaan maak dit tog leeg, my kind. En spoel dit goed uit.
KONSTABEL: Laat ek help.
MEISIE: Dankie. As dit vol is, is dit baie swaar. As jy een kant vat, dan vat ek die ander kant.
KONSTABEL: Dis goed so.
MEISIE: *(bly)* En as ons baie gesels, dan hoef ons nie die musiek te hoor nie.
Die KONSTABEL staan op. MEISIE neem sy arm en lei hom na die emmer. Sy sit sy hand op die handvatsel.
MIEM: Dit is gaaf van u, Konstabel.
MEISIE en die KONSTABEL beweeg met die slopemmer na die agterdeur. Van die inhoud spat uit.
MIEM: Meisie, sê vir die konstabel van die drie trappe op na die kleinhuisie.
MEISIE: Ja, Ma. *(Maak die deur oop)*
Die sirkusmusiek kan gehoor word. MEISIE en die KONSTABEL na buite.

10.8 Watter funksie vervul die skielike verskyning van die slopemmer in reël 6? (1)

10.9 Waarom, dink jy, is die Konstabel so gewillig om vir Meisie met die onaangename taak te help? (Reël 16) (2)

10.10 Hoe hou Meisie se ironiese uitspraak in reël verband met die tema van die drama? (2)

10.11 Wat suggereer Miem se woorde in reël 23? (2)

10.12 Watter betekenis het die sirkusmusiek vir Miem? (2)

10.13 Miem neem ‘n byna gedienstige houding teenoor die konstabel in, in teenstelling met vroeëre konflik. Watter konflik het vroeër tussen hierdie karakters voorgekom? (2)

[25]

GROOTTOTAAL: 80